

Waarna kyk en luister ons?



Die rolprent *Chocolat* speel af in Lydenstyd en kontrasteer 'n verstikkende, wettiese godsdiens met lewegewende liefde. Dis 'n lieflike verhaal waarin die liefde, soos dit hoort, op Paassondag seevier. Die boodskap tydens die Paassondagdiens is onvergeetlik. Van die hoofspelers is Juliette Binoche, Johnny Depp en Judi Dench. Dit het in 2001 vyf Oscar-benoemings ontvang, onder meer vir Beste Rolprent.

Die rolprent *The passion of the Christ* is 'n uitdagende prent om te kyk. Dis vol eksplisiete geweld, maar dit bring 'n mens onder die indruk van die fisieke lyding wat Jesus deurgemaak het.